Swartberg
Intelligence Support Services

**10 Maart 2023**

**Beplande staking vir 20 Maart**

Swartberg ISS Pty Ltd. is 'n intelligensie gedrewe navorsing maatskappy en ons sterkpunt is die voorkoming van geweld misdaad.

## Inleiding

Malema met sy EFF beplan 'n groot staking vir die 20ste Maart 2023. Hulle het reeds landwyd briewe aan sakelui gegee waarin besighede gevra is om hulle deure vir die 20ste Maart toe te maak om plundering te voorkom. Besighede wat nie aan hierdie eise sal voldoen nie, moet self verantwoordelikheid vir hulle optrede aanvaar.

Aanvanklik het die Taxi bedryf onderneem om nie vir Malema te ondersteun nie. Om by hierdie probleem verby te kom, het die EFF landwyd begin om mense in plakkerskampe op te sweep vir hierdie komende staking.

Dit beteken dat die EFF nie taxi's sal nodig hê nie omdat die mense binne loopafstand van die dorpe woon.

Die tweede probleem wat dit vir ons kan inhou, is die feit dat die meeste van daardie mense nie werk het nie. Hulle vooruitsigte om werk te kry is zero en met die huidige ekonomiese omstandighede het hulle tegnies niks om te verloor nie. Om die waarheid te sê is tronkstraf vir hulle 'n goeie vooruitsig omdat hulle daar, 'n bed, kos en TV kan kry, wat hulle nie in die plakkerskampe het nie. Met ander woorde. Vir hulle om die dam onder die eend uit te ruk, kan vir hulle net voordelig wees.

Hierdie prentjie sal nou heelwat anders lyk nadat die plakkerskampe lede, vakbonde en ander organisasies ook besluit het om deel te neem. Dit beteken ook dat die Taxi's nou ook deel kan word. Groter groep sal dus wyer versprei kan word.

Die beplande staking is om druk op die president te plaas om te bedank. Tydens die staking sal vulstasies ook deur die EFF toegemaak word sodat trokke en voertuie nie kan ry nie.

**GEVOLGTREKKING**

Dit lyk of die opstand van die 20ste Maart, groter kan wees as wat aanvanklik verwag was.

**WAT MOET ONS DOEN ?**

Die 21ste Maart is menseregte dag. Baie skole in die land het besluit om die 20ste, die skole toe te maak, wat dit 'n baie lang langnaweek maak. Baie mense beplan om die lang naweek weg te gaan en het reeds hulle besprekings gedoen.

Ons voorstel is om terwille van vrede, aan hierdie versoeke gehoor te gee. Dit sal nie te moeilik wees om julle besighede vir daardie dag toe te maak nie, aangesien dit in elk geval 'n "vakansiedag" sal wees.

Maar buurtwagte en plaaswagte moet organiseer om besighede en woonbuurte te beskerm.

Mense wat vir die lang naweek wil weggaan, gaan dit op eie risiko doen wanneer hulle die 20ste wil terugkeer. Julle het twee opsies om veilig te wees. Julle moet of die 19de terugkeer of 'n kans waag deur eers die nag van die 21ste terug te keer en ek hoop dat die onluste nie oorspoel na die 22ste Maart nie.

**WAT KAN ONS VERWAG**

Die ou hotspots sal warm wees en soos Roland de Vries se. Bly weg waar dit brand.

Plekke wat kan brand is Piet Retief, Wakkerstroom, Ermelo, Witbank, Middelburg, Richardsbaai, Durban omgewing, Braamfontein, Dele van Johannesburg. Dele van Pretoria. Miskien Bloemfontein, dele van PE en moontlik De Doorns

In die res van die land sal ons optogte sien, maar vlakke van misdaad en geweld sal baie min wees.

**OPMERKING**

Hierdie staking is net ’n inoefening en kan die eerste golf genoem kan word. Na hierdie staking sal die emosies hooggehou word om op die suksesse van die staking te kapitaliseer, wat momentum vir die tweede golf moet bou, wat rondom Junie 2023 kan wees.

Wanneer ons nou aan hierdie versoeke gehoor gee, kan dit beteken dat ons teen Junie nie ook by die pakkie ingesluit sal wees wat as vyand nommer 1 geklassifiseer sal word nie.

Dit beteken **nie** dat ons nie ons eie huise en besighede mag beskerm nie! Ons moet, maar ons moet terselfdertyd ons bes doen om dit bloedloos te doen.

**SPEKULASIE**

Teen Junie sal die klem meer op uitlanders val en ons sal dan ’n groter xenofobiese aanslag kan verwag, wat ook die Indiërs gaan insluit. Die Indiërs is baie goed bewapen en hulle het ook nie ’n tekort aan ammunisie nie. Die meeste van hulle wapens is in elk geval onwettig en sal effektief wees om die bedreiging hok te slaan.

Die Somaliërs en Zimbabwiërs voorsien ook wapens aan Nigeriërs en ander nasies en hulle is ook gereed om die aanslag af te weer. Die probleem vir hulle is dit. Hoe suksesvoller hulle die aanslag kan afweer, hoe groter sal die haat van die massas teen hulle wees.

Die massas sal daarna heel moontlik toegang na al die onverklaarde wapens vanaf die bendes kry, wat sal beteken dat daar onder die massas meer wapens as onder die uitlanders sal wees.

**OPSOMMING**

Die Hef aan lê voor. Dit beteken dat die druk op die ekonomie van hier heelwat strawwer sal wees. Die staking sal vir ons nie so erg wees nie.

Ons grootste voordeel is die ingeboude vrees vir ons vermoëns en ons mag dit nie nou openbaar nie. Die vrees vir die onbekende het vir ons 'n baie groter waarde, as ons vermoë om oorlog te maak.

Met ander woorde. Ons moet organiseer dat dit vrek om ons eie te beskerm, maar ons moet dit bloedloos doen. Julle kan pak slae uitdeel en wanneer julle skiet, moet julle skiet om skrik te maak, en nie om dood te maak nie. Dit is uiters belangrik om nou minimum geweld toe te pas.

Onthou die staking se doel is om die president te oortuig om te bedank. die stakers is nie ons vyand nie. Hulle teiken is die president en die ekonomie, Hulle teiken is nie ons nie.

Dit is nou eerder beter om die besighede vir daardie dag toe te maak en om eerder saam met die golf te gaan as om teen die golf te gaan. Met ander woorde. Moenie nou jou mense as vyand van die massas maak, deur hulle tee te gaan nie. Ondersteun hulle eerder.

Maar omdat die kriminele ook deelneem, kan ons van die kriminele 'n aanslag verwag, wat ons net met oordeel moet platslaan, sonder om hulle dood te skiet.

Wanneer ons dit nou reg hanteer, sal ons met die volgende golf, verder uit die spervuur wees. Die ekonomie sal na die volgende golf 'n ernstige knou kry en die CABAL wat die hele besigheid bestuur, sal teen Oktober ons vermoëns wil meet, om daardeur voorsiening te maak dat ons nie 'n bedreiging word nie.

Enige versoeke om die ou weermag reünies van Oktober en later te hou, moet vermy word. Ons behoud bly ons vermoë wat nie deur ons opponente gemeet en bepaal kan word nie.

Raak betrokke in jou gemeenskap. Raak georganiseerd. Skakel by die GVE in sodat jy jou gemeenskap en omgewing veilig kan hou. Dit is waarvoor die ou manne opgelei is en dit is vir hierdie tyd wat ons ou manne, iets in 'n bos gaan leer het.

Ons is hier om te bly en na die hele wêreld se ekonomieë gevou het, sal ons nog hier wees. Dit staan so geskryf.

**WAARSKUWING**

Daar is van julle harde gatte wat nie sal hoor nie. Ons waarborg julle dat die wat hulle na geweld gaan wend, dit nie sal oorleef om die groot vrede en oop deure in Afrika, wat vir ons hierna wag, sal sien nie.

**Ns.**

Hierdie staking wat kom, sal nie so erg wees nie.

Vrede en sterkte

LEX

Swartberg ISS